

# Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die  
Nederdutch Hervormde Kerk van Afrika



Julie 2010



Julle is die volk van God

Lees binne...

- Op pad na die AKV – 1
- Julle is die uitverkore volk van God – 2
- Volkskerk – dit kan nie! – 3
- Finale verklaring oor apartheid – 3
- Volkskerk toe en nou – 6

## In hierdie uitgawe

- BI 1 Op pad na die AKV (Ds Herman van den Berg)
- BI 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque:**  
Julle is die uitverkore volk van God  
Wenner van Leserskompetisie 10 (Mei 2010)
- BI 3 **Aktueel**  
Volkskerk – dit kan nie! (Prof Ernest van Eck)  
**Gespreksforum**  
Finale verklaring oor apartheid (5 dosente)
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**  
5de Algemene Diakensvergadering  
50 en 60 jaar in die bediening  
Bejaardesorg onder die loep  
NHSV 70 jaar  
69ste AKV  
AIM-studente presteer  
Kerk in Bulawayo
- BI 6 **Aktueel**  
Volkskerk toe en nou
- BI 7 **Gespreksforum**  
Bly weg van geeste (Oudl Henry Cochrane)  
Bedenkings oor die sokkerskouspel (PE Marx)  
Basaars het gekom om te bly (Ds PJ van der Merwe)
- Agterblad **Oordenking**  
Ons glo in die Vader, die Seun en die Heilige Gees (Ds Adriaan Roets)

## Julle is die uitverkore volk van God

**Dr Gerhard Lindeque skryf in sy redaksionele berig dat *Die Hervormer* in die aanloop tot die 69ste Algemene Kerkvergadering (ADV) van die sake wat in die agenda is, wil uitlig. Die doel is om lidmate in te lig en aan te moedig om aan die gesprek deel te neem.**

Die tema wat in hierdie uitgawe aan die beurt kom, is die Kerk as volkskerk

Die Bybel getuig daarvan dat God van hulle wat aan Hom behoort verwag om anders te lewe. Dit is immers wat die woord *heilig* beteken in die opdrag: *Wees heilig, want Ek is heilig*. Die wette in die Ou Testament is juis daarop gemik om aan die volk Israel riglyne te gee van hoe om as God se volk te lewe. In die Nuwe Testament word die kerk in aansluiting hierby as God se uitverkore volk beskryf. In die Ou Testament is daar reeds stemme wat daarvoor pleit dat mense uit ander volke ingesluit moet word in die geloofsgemeenskap van God se volk. Ons kan maar net dink aan die Nineviete in die boek Jona asook Ragab en die Gibeoniete in die boek Josua. Maar dit is veral in die Nuwe Testament dat dit beklemtoon word dat dit in die kerk as die volk van God nie gaan om 'n bepaalde kultuur nie, maar wel om bepaalde waardes en optrede waardeur die onderskeid gemaak word.

\*\*\*\*\*

## Op pad na die AKV

**Ds Herman van den Berg skryf oor die komende AKV.**

Ons AKV se doel is om deur te praat, te beredeneer en te soek, en deur middel van die gawe van onderskeiding, gekonfronteer met die Woord van God, God se wil vir die Kerk te ontdek. Daarom open ons die vergadering met die seën wat uitgespreek word, en Woordverkondiging, en aan die einde van die vergadering word die seën weer uitgespreek. Hierdie handeling veronderstel dus dat die hele vergadering byna 'n erediens is, tot eer van God. Dit kan ons net doen as daardie vergadering onder leiding van die Heilige Gees, deur die Woord van God, tot insigte gebring word, en dan besluite neem. So 'n vergadering kan dan saam met Paulus sê: ***Die Heilige Gees en ons het besluit.***

Indien ons egter vooraf sou organiseer, mense met mandate sou stuur en belangegroepes sou vorm, sal die vergadering 'n stuk demokratiese gimnastiek wees, waar God se stem nie hoorbaar sal wees nie. Dan sal ons in elk geval die hele stelsel van afvaardiging moet verander, na proporsionele verteenwoordiging. 'n Gemeente met 80 lidmate sal dan byvoorbeeld net een afgevaardigde kry en 'n gemeente met 1 200 lidmate sal dan 15 afgevaardigdes moet kry. Dan sal belangegroepes se eie belange seëvier en sal 'n vergadering by afsluiting slegs kan sê: ***Ons het besluit.***

Gaan die komende AKV 'n wêreldse byeenkoms wees, gerig deur die eie wil, en belangegroep se doelwitte, geskoei op die beginsels van demokrasie, of 'n geloofsreis, 'n ontmoeting met God, waar sy wil ons lei, en ons as gelowiges saam sy eer soek? Die roeping van elke afgevaardigde en lidmaat behoort te wees: *Soli Deo Gloria*.

\*\*\*\*\*

## Volkkerk – dit kan nie!

**Prof Ernest van Eck kyk na Jesus se optrede en Paulus se geskrifte oor die insluiting van verskillende volke.**

God was nie in die eerste plek heilig nie, maar barmhartig (Luk 6: 48). Daarom het Jesus vrymoedig buite die grense van Israel beweeg, met *onreines* omgegaan, en ook met hulle met 'n ander kulturele identiteit. Mensgemaakte reëls (kulturele konstrakte) soos Sabbatswette, heilige tye en reinheidsmaatreëls was vir Hom nie belangrik nie. Van die eksklusiewe tempel het Hy gesê dat dit 'n rowersnes geword het in plaas daarvan om 'n huis van gebed vir alles nasies te wees (Mark 11: 17). En wie was die kinders van Abraham? Nie hulle wat biologies aan Abraham verbind kan word nie, maar hulle wat die wil van God doen – wat barmhartig is soos God barmhartig is.

Paulus het presies dieselfde standpunt as Jesus in hierdie verband gehuldig. In sy gemeentes, wat uit Joodse en nie-Joodse Christusgelowiges bestaan het (dus met verskillende kulturele identiteite), was daar sommige Jode wat wou vashou aan die *werke van die wet* (die besnydenis, reinheidswette rakende die eet van voedsel en die hou van die Sabbat).

In Filippense doen Paulus 'n vreemde ding – hy beroep hom op sy eie etnisiteit (uiterlike dinge): *Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou. As iemand meen dat hy op uiterlike dinge kan vertrou, ek nog meer: ek is op die agste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër, in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te verkry, onberispelik* (Fil 3: 4-6). En dan kom Paulus met die uitklophou! Hierdie uiterlike dinge (Joodse etnisiteit), hierdie lewe in die vlees – wat vroeër vir hom 'n bate was – beskou hy nou as waardeloos (Fil 3: 7) en verwerplik (Fil 3: 8). Teenoor dit wat vir hom 'n bate was, stel hy dit wat nou vir hom 'n bate is: om Christus Jesus, sy Here, te ken (Fil 3: 8, 10), om Christus as *enigste* bate te kan verkry (Fil 3:9), om een met Christus te kan wees omdat hy glo en daarom vrygespreek kan wees (Fil 3: 9), om die krag van Jesus Christus se opstanding te kan ondervind (Fil 3: 10), en om deel te kan hê aan Christus se lyding (Fil 3: 10). Etnisiteit (kulturele gebruike, gemeenskaplike voorvaders en taal) word dus met die een bate – Christus – vervang. Wie nie bereid is hertoe nie, sê Paulus vroeër, *soek net hulle eie belange, nie dié van Jesus Christus nie* (Fil 2: 21). Geloof (Fil 3: 9) en gemeenskap deur die Gees (Fil 2: 1) is die norm om deel van die gemeente te wees, nie 'n bepaalde kulturele identiteit nie Dit was, volgens Paulus, die nuwe realiteit in Christus.

\*\*\*\*\*

## Volkkerk toe en nou

**Ds Rudi Schoeman verwys na Ordereël 4 van die Kerkorde waar die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika homself beskryf as 'n volkkerk met sy eie kerklike kultuur, geskiedenis, taal, tradisie wat geroepe is tot die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus aan die Afrikanervolk en tegelyk aan alle mense.**

Soos algemeen bekend, het die volksplanting in 1652 ook kerkplanting ingehou. Die volkserkarakter wat in Nederland die botoon gevoer het, is ook oorgedra in die Kaap. Die Hervormde Kerk in Nederland was dus volkserk.

Met 'n vinnige blik op die eiesoortigheid van ons voorouers se ontwikkeling, kan dit sonder twyfel gesien word as 'n normale proses. Verder het hierdie volk 'n Christelike begin gehad, en gevolglik was die volk en kerk baie nou aan mekaar verweef. Dit kon ook nie anders nie, maar die kerk sou nooit kerk van die volk word nie. Die Hervormde Kerk het nie van buite gekom en die Voortrekkers gekersten nie. Saam met die reëlings van eiesoortige volkwees, was die reëlings van kerkwees. Die Kerk moes hierdie eiesoortige groepie mense bedien met Gods Woord. Hierdie eiesoortige groep mense het dus 'n bepaalde wordingsgeskiedenis gehad, en die Hervormde Kerk was deel daarvan. Dit is presies wat die Kerk erken in Ordereël 4: *Die Kerk is 'n volkserk met sy eie kerklike geskiedenis*. Die Hervormde Kerk het as volkserk begin, daar was geen, let wel, géén ander moontlikheid nie. Dit was 'n doodnormale verskynsel, en die volkserkarakter is nie gebore uit 'n bepaalde politieke sisteem of filosofie nie.

Hoekom moet die Hervormde Kerk afstand doen van sy kerklike karakter? Vanuit 'n teologiese perspektief is dit moeilik om te beantwoord. Die rede is dat die volkserkgedagte die mees normale verskyning van kerkwees is. Vanuit 'n humanistiese en politieke perspektief is dit wel verstaanbaar dat die Hervormde Kerk moet verander. Binne die huidige klimaat is die volkserkgedagte dalk ietwat vreemd. Maar die Kerk is in die wêreld en nie van die wêreld nie. Die Kerk kan hom nie laat lei deur tydgees nie, maar net deur verantwoordelike teologie.